# Betoon WAARDERING teenoor jou naaste!

**Donderdag 9 Junie 2022**

**Kol 1:3,4**

**3** ”Wanneer ons tot God, die Vader van ons **Here Jesus Christus,** bid, dank ons Hom altyd vir julle **4**
omdat ons gehoor het van julle geloof in **Christus Jesus** en van julle liefde vir al die gelowiges.”

Dit is so lekker om ‘n woord van waardering te hoor. Dit is lekker om te weet dat mense waardeer en dankbaar is, omdat jy jou bes doen vir ander mense. Daarom beteken woorde soos dankie, “ek waardeer…” so baie.

Nou Paulus skryf hier aan die Kolossense vanuit die gevangenis. So eintlik kon Paulus hartseer en depressief en morbied en dalk selfs kwaad of beswaard gewees het. Maar dit is hy nie. Hy is dankbaar omdat hy hoor dat die gemeente van Kolosse hulle geloof in Jesus Christus uitleef deur onder andere hulle medegelowiges lief te hê en aan hulle liefde te betoon. Paulus se waadering is nie ligtelik en sommer oppervlakkig nie, sy waardering is opreg en hy begrond dit op die Rots Jesus Christus.

Waardering is ‘n groot medisyne vir die siel en vir elke mens in die lewe van vandag.
Die vraag is:

- **Waardeer ons mekaar genoeg?**

Die lewe is so kort en ons is aan mekaar gegee. Die meeste van ons is sekerlik getroud, of het ‘n vriend of vriending of iemand wat vir jou omgee.

- **Betoon jy genoeg waardering aan hom/haar?**

Doen dit deur dit vir mekaar te sê! Moet nie stilbly nie maar sê hoe en wat jy van jou medemens waardeer. Sê elke dag vir jou man of vrou of kinders of jou vriende of jou medemens wat jy in hulle waardeer. ‘n Kompliment verrig wondere. Dit open die gesindheid van die hart en verstand teenoor mekaar.

Ja dit is soms makliker om te kritiseer as om te komplimenteer.
Maar soek doelbewus dit wat jy waardeer en bou aan jou verhouding in liefde.
Liefde wat van God kom.

Want God het ons so liefgehad, dat Hy sy Seun gestuur het om vir ons te betaal. Hy kon ons net sowel verwerp het, maar Hy het ons losgekoop met die bloed van sy Seun Jesus Christus. Hy het ons waardeer omdat Sy liefde onmeetlik, onverstaanbaar groot is. Hy het ons waardeer nie omdat ons so goed of sonder sonde is nie, maar Hy het ons waardeer omdat Hy ons liefhet.

Kom ons wees vir mekaar ook opreg lief.
Kyk verby verskille en sien die liefde in Christus raak.

Waardeer mekaar opreg!

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***